

Meer as oorwinnaars

- Louise Human, wat voorheen saakgelastigde vir baie jare in die kerkkantoor was, het gesterf. Ons bid vir die familie, Johan & Katuscha en Jurie & Karina en hulle gesinne.
- Lukas Erasmus se vader is nog steeds in Pretoria-Oos hospitaal en is uit intensief geskuif na saal 4. Die longontsteking is besig om te herstel. Hy het nog ons voorbidding nodig.
- Bernice Mostert se moeder, Rita Herselman het gesterf nadat sy verswak het en deur Bernice tuis versorg is. Ons vier haar lewe Maandag 14: 00 in die kerk by ons.
- Elsa van Dyk het goed herstel na 'n ligte beroerte. Sy sukkel egter nog met haar balans en het ons voorbidding nodig. Mag sy die belewenis van God se teenwoordigheid elke dag ervaar.

10 de Maand Dankoffer

Liewe gemeente Oktober is tradisioneel 10de Maand dankoffer geleentheid. Die Dankofferkoeverte vir 2020 is by die kantoor beskikbaar en sal ook Sondae by die kerk uitgedeel word. Gewone koeverte gemerk, "10de maand" kan ook gebruik word asook EFT betalings gemerk "10de Maand".

Die Aankondiger

8 November 2020



Prediker: *Ds. Chris Jacobs*

Skriflesing: *Lukas 16 : 20 - 31; Mat 17: 1 - 8*

Tema: *"Gesindheidsverandering"*

Liedere: *Sal aangekondig word.*

Om dissipel te wees - 2

Verlede keer:

Helen Berhane van Eretria groei in 'n bestendige huis op. Sy het 'n baie mooi sangstem en dien die Here voluit. Toe sy 16 is reël haar ouers dat sy trou, sy kry 'n babatjie, maar omdat hulle nie gelukkig getroud is nie, skei haar man van haar. Sy open 'n skoonheidsalon en gebruik die inkomste om vir haar en haar dogtertjie te sorg en die uitbreiding van die koninkryk te bevorder. Alles loop goed tot eendag. . .

Een Sondagand in 2000, omtrent 8 uur stap sy en 'n groepie vriende in Asmara vanaf 'n Bybelstudie huis toe. Sy sien 'n groep mense op die trappe van die katedraal. Dit is 'n gewilde bymekaarkom plek. Skielik kry sy 'n baie sterk oortuiging om met hulle te praat, want die spanning tussen Eritrea en Ethiopië loop hoog, baie mense sterf en sy weet die bevolking het hoop en troos nodig.

Sy stap teen die trappe op, kry hulle aandag en begin praat. Haar boodskap was alhoewel Eritrea 'n klein landjie is, is dit 'n groot en trotse bevolking. Ongelukkig sterf te veel mense en daarom is versoening nodig. Jesus leer ons om ons vyande lief te hê. Kom ons bid vir die leiers sodat daar vrede kan kom."

Die mense het aandagtig geluister en toe sy klaar is, stap sy terug na haar vriende toe. Sy merk twee mans op wat stip na haar kyk. Toe sy onder kom, gryp een haar aan die skouers. Sy besef dis lede van die veiligheidspolisie.

(Blaai om)

(Vanaf vorige bladsy)

Om dissipel te wees - 2

Hulle sleep haar deur die straat terwyl die skare op hulle skreeu en gevra waarheen hulle neem. Hulle sê sy het net oor Jesus gepraat en dit is tog nie 'n oortreding nie.

Die een polisieman vertrek met 'n motor en die ander een sleep haar deur die strate na die polisiestatie. Daar word sy deur die polisiehoof ondervra. Die een wat met die motor vertrek het, was voor haar daar en het haar vals beskuldig dat sy gesê het die president en regering moet bedank en dat sy die tronkstraf wat haar mense opgelê word verkeerd is. Sy gee haar weergawe van wat sy gesê het.

'n Getuie bevestig dat wat sy gesê, waarna sy kon huistoe gaan. Sy moes egter die volgende oggend meer moet aanmeld. Sy word weer ondervra. Sy word weer huis toe gestuur, maar met die opdrag om nooit weer te preek nie. Sy sê vir hom sy sal nooit ophou preek nie, en aanhou om oor versoening te praat, want dit is die boodskap van die evangelie.

Hy beveel haar om nie meer te preek nie, maar sy het geweet sy sal nie ophou nie. Sy het besef, die insident is 'n toets, maar sy was nie van plan om die Here en die koninkryk te faal nie.



**Baie geluk aan almal wat
verjaar :**

8 - 14 November

Van	Noemnaam	Verjaar	Landlyn	Selfoon
Klerck	Adél	11/08	012 664 2261	0768900823
Bresler	Michael	11/09		
Du Toit	Marie	11/09		0814838942
Grimsehl	Leonard	11/09		
Hattingh	Yolande	11/09		0833081800
Stadler	Werner	11/09		0798941882
Van Dyk	Elizabeth	11/09		0847037488
Grobler	Pieter	11/10	012 664 4747	0824497501
Olckers	Louwrens	11/11	012 664 3061	
Swarts	Andre	11/11	012 664 4326	
Van Jaarsveld	Elsabe	11/11	012 664 5639	082 403 1342
Van Wyk	Kara	11/11		0790752250
Fredericks	Cindy-Ann	11/13		0823309846
Van Rooyen	Marlene	11/13	012 664 0136	0827742795
Brits	Riaan	11/14	083 356 3097	0764131703
Schoeman	Rina	11/14	012 664 7205	0766791213
Smith	Pieter	11/14		0748338394

BAIE DANKIE

Wegneem-ete Sondag 1 Nov 2020

Baie dankie aan almal wat gehelp het om die wegneem-ete projek van 1 November 'n sukses te maak! Ons groot dankie gaan aan Fred en Anita Scheepers vir hul mildelike bydrae en dat hulle en hul span die hoender vanaf vroegoggend gebraai het om betyds te kon klaar wees! Dankie ook aan die vrouens wat die slaaie gemaak het en so fluks gehelp het met die opskop en die administrasie. Dankie aan die gemeentedele vir jul getroue ondersteuning.

Treintjie - 2020

Kom geniet 'n heerlike dag saam met vriende by die treintjie op 11 November 10:00 @ R20.00 per persoon. Koffie/Tee, muffins, worsboudjie en Roomys is als ingesluit
U kan bespreek en betaal by Susann **082 802 4883**.